

VIER EEUE VAN TROOS

**PREKE OOR
DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

VERSAMEL DEUR

PROF DR HDA DU TOIT

*met medewerking van professore en oud-studente van die
Teologiese Fakulteit, Afd. B, Universiteit van Pretoria*

Uitgegee deur

NG KERK·UITGEWERS Kaapstad Pretoria

SONDAG 26

Die Heilige Doop

Lees: I Kor. 6:9–20

Sing: Psalm 118; I. Ges. 49:4; Ges. 80:1, 4, 6

VRAAG 69: Hoe word jy in die Heilige Doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis geskied het, jou ten goede kom?

ANTW: **Só**, dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het, en daarby belof het dat ek net so seker met Sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiverheid van die liggaam wegneem.

VRAAG 70: *Wat beteken dit om met die bloed en die Gees van Christus gewas te wees?*

ANTW: Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in Sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het; en dan ook om deur die Heilige Gees vernuwe en tot lede van Christus geheilig te wees, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n godsalige, onberispelike lewe wandel.

VRAAG 71: Waar het Christus ons belof dat Hy ons so seker met Sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

ANTW: In die instelling van die doop wat aldus lui: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Matteus 28:19); en: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Markus 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop *die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes* noem (Titus 3:5; Handeling 22:16).

TEKS: “Maar julle het jul laat afwas ... in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van God” (1 Korintiërs 6:11).

Is u gedoop? Natuurlik! Hoe sou u nie gedoop wees nie; ons is tog immers 'n gedoopte nasie! Vir verreweg die grootste gedeelte van die Afrikanervolk is die feit dat ons almal gedoop is en gedoop moet wees, een van die grootste vanselfsprekendhede. 'n Mens moet gedoop wees. Dit behoort eenvoudig daarby.

Dit word selfs as 'n skande aangevoel as iemand nie as kind gedoop is nie. Duisende wat ver van die kerk lewe, vir wie die sáák waarom dit in die kerk gaan, geen wesentliche waarde meer het nie en vir wie die Nagmaalstafel 'n onbekende plek is, wil tog nie van die doop afsien nie. Hul kindertjies moet gedoop wees, en hulle neem ernstige aanstoot daaraan as die kerk dit durf waag om selfs maar te vra wáárom hulle dit begeer. Hoe kan so iets ooit gevra word? 'n Mens móét mos gedoop wees. Dit hoort tog so ... En tog, hoe weinig van ons is daar wat werklik ons doop verstaan en in die troos daarvan lewe? Dit geld nie net van die onverskilliges wat buitendien niks van die heerlijkheid van die evangelie verstaan nie. Dit geld ook van die getroue kerkmense wat wél die troos van die evangelie soek. Ons lewe so min uit ons doop.

Ons katkisasie lê dikwels so ver en vaag agter ons, dat ons die diamant van ons doop nie meer uit die stof van eertydse kennis opgediep kan kry om dit te sien glinster en dit te waardeer nie.

Die piëtisme met sy oorgeestelikheid het sy duisende slagoffers verslaan en die doop van sy betekenis berowe. Selfs die kerk wérk nie genoeg met die doop nie; mense wat gedoop is, word dikwels bearbei asof die doop geen betekenis hoegenaamd gehad het nie, asof daar geen verskil tussen die gedoopte en die ongedoopte is nie. Alles is net bekering wat die klok slaan, en dan nie in die diepe sin waaroor daar binne die kring van die verbond en agter die doopvont oor bekering gepraat moet word nie, maar in dieselfde sin waarin met die ongedoopte heiden oor bekering gepraat word. Asof die doop geen sin het nie ...

Het u doop vir u enige betekenis?

Ons moet weer leer wat ons doop beteken. Die Kategismus wil ons dit laat verstaan as dit die wesentliche van die leer van die Skrif oor die doop so raak saamvat en dit aan ons voorhou. Duideliker kan dit nie gestel word as wat ons dit hier vind nie: *Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van ons sondes*. Rondom dié sentrale tema sentreer alles wat die Kategismus oor die doop te sê het. Ons wil dié tema veral vanuit twee gesigspunte heilig, naamlik: (1) die doop verkondig aan ons hoe die afwassing van ons sondes geskied; en (2) die doop verseker ons dat dié afwassing aan óns geskied.

I. DIE DOOP VERKONDIG AAN ONS HOE DIE AFWASSING VAN ONS SONDES GESKIED

Die doop is 'n verkondiging. Miskien verstaan baie lidmate dit nie so nie. Hulle vind die doopplegtigheid in die erediens maar 'n vervelige saak en sien uit na die oomblik dat die preek sal begin. Slegs die preek is vir hulle die verkondiging van Gods Woord. Ons moet egter leer om dit anders te sien, want duideliker as die doop kan geen preek Gods evangelie verkondig nie. Wie geleer het om die taal van die doopwater te verstaan, moet telkens by die bediening van die doop haas oorstelp word deur die geweld van die onhoorbare verkondiging wat daar van die doop uitgaan.

Verstaan u wat die doopwater sê? Die doopwater spreek van ons sonde en onreinheid wat afgewas moet word. Die doopwater is ontdekkend; dit laat ons onself sien soos ons in die verborge diepte van ons bestaan is, vuil en besmet, belaaï met skuld en onreinheid. As dit nie so was nie, sou ons nie gewas hoef te word nie. Maar nou roep juis die wassing wat in die doop aan ons voltrek word, met duisend stemme uit dat ons onrein is. Ons moét gewas word. En dan nie maar na die liggaam nie, want meestal sien ons daar nogal liggaamlik netjies uit by die doopvont, en veral as 'n kindjie gedoop word, is hy meestal liggaamlik so teer, so rein, so heerlik versier in die doopkleed. Die doop spreek juis oor die *onreinheid van ons siele* (antw 69) en wil dit by ons in-skerp dat ons voor God so volkome verwerplik is vanweë ons sonde, dat ons nooit die ewige lewe kan beërwe nie tensy ons gewas word van al ons onreinheid. Daar by die doopvont word soos in 'n X-straalfoto dwarsdeur ons bestaan gelig, en al die erbarmlikheid van ons sondige lewe word sonder verskoning blootgelê. Of ons ryk is of arm, adellik of van lae geboorte, die doop ken maar één boodskap vir ons almal: Julie moet gewas word van die onreinheid van julle siele, want julle is deur-en-deur onrein.

Dit is duidelik dat die Kategismus ons onreinheid onder tweeërlei aspek sien, naamlik as *skuld* en as *smet*. Ons is skuldig voor God, nie alleen omdat ons as kinders van Adam deel het in die gemeenskaplike skuld van die mensheid wat van God afgeval het en die rug op God gedraai het nie, maar ook omdat ons is wat ons nie moet wees nie; omdat ons lewensrigting anders is as wat God dit wil, en omdat voor Gods aangesig ons ganse lewensloop oop en bloot lê, met al die gedane sondes en al die sondes wat nog gedoen sal word. Die ganse menigte van ons sondes deur wat ons doen en nalaat, deur

wat ons begeer en dink, deur ons swye en ons woorde, lê daar by die doopvont voor Gods aangesig opgestapel. Maar ook ons *smet* is daar, omdat ons in ons hart voor God besmet is met die sonde, omdat die sonde heerskappy oor al ons lede voer en al die derduisende kieme van die sonde in ons aanwesig is. Ons is besmet met die vlees. Daar hoef niks met ons meer te gebeur om ons ryp te maak vir al wat goddeloos is nie: al die moontlikhede daarvan lê reeds by ons geboorte in ons, en as ons opgroei, word die moontlikhede omgesit in werklikhede, slaan die monster van die sondemag steeds dieper angels in ons vas om ons lewe te bind tot 'n slawediens aan Satan.

Die doop verkondig aan ons dat ons sowel van die skuld as die smet van die sonde gereinig moet word. "Wie mag klim op die berg van die Here? En wie mag staan in Sy heilige plek? Hy wat rein van bande en suiwer van hart is ..." Elke keer as ons die doop sien bedien word, moet hierdie woorde van Psalm 24 in ons harte weergalm, en moet ons weet dat dit ook by ons doop aan ons gesê is.

Wat 'n genade dat die doop egter nie net die eis van reiniging van ons sondes aan ons verkondig nie, maar dat die doop ook aan ons verkondig *dat dié reiniging in Christus gegee is*. Vraag 69 lê verband tussen die doop en die enige offerande van Christus wat aan die kruis geskied het. Dit is dan ook juis wat die doop aan ons wil leer, dat die offerande van Christus die reiniging van die sondes verkry het. Want daar aan die kruis het Sy bloed gevloei en het Hy gesterwe, sodat die skuld van die sonde voor God volkome uitgewis kon word. Maar deur Sy offerande het Hy ook die mag van die sonde gebreek, die heerskappy van die sonde, sodat diegene wat in Hom die vergiffenis van hulle sondes deelagtig word, nie meer onder die mag van die sonde hoef te lewe nie (vgl Romeine 6). Deur Sy offerande aan die kruis is ook die koms van die Heilige Gees moontlik gemaak, en waar die Heilige Gees in die lewe van 'n mens inkom en begin regeer, daar moet die smet van die sonde hoe langer hoe meer wyk.

Die Kategismus vat dus die heerlike boodskap van die doop daarin saam, dat by leer dat die was met die water wat by die doop geskied, 'n afbeelding is van die was met die bloed en die Gees van Jesus Christus. Dit beteken kort en goed net eenvoudig dat die doop aan ons verkondig dat Christus die arme, ellendige sondaar volkome reinig. Nie slegs die vergiffenis van sy sondes is vir hom deur die bloedstorting van Christus verwerf nie, maar ook die vernuwung van sy lewe deur die innerlike werking van die Heilige Gees word hom

daarmee saam geskenk. Mooier as in antwoord 70 van die Kategismus kan die omvattende, deurtastende, alles deurdringende reiniging van ons sondes in Christus Jesus nie maklik saamgevat word nie. Regverdiging en heiliging, vergiffenis en vernuwing, die afwassing van die skuld en die smet van ons sonde deur die bloed en die Gees van Jesus Christus – die doop verkondig dit alles.

Kan 'n mens ooit dink dat die doop 'n vervelige seremonie is?

II. DIE DOOP VERSEKER ONS DAT DIE AFWASSING VAN DIE SONDES OOK AAN ONS GESKIED

Miskien wil u glo dat die doop verkondig is, selfs 'n heerlike verkondiging van die feit dat die bloed en die Gees van Christus 'n mens kan reinig van die sonde, maar dan bly die vraag tog nog in u hart: Maar waarom moet die afwassing van die sondes deur die bloed en die Gees van Christus op hierdie wyse aan ons verkondig word, terwyl dit tog ook in die verkondiging van die Woord geskied?

Die antwoord hierop is duidelik. Wanneer die verkondiging in die gepredikte Woord geskied, is dit altyd algemeen. Dit wys alle mense wat die prediking aanhoor daarop dat die bloed en die Gees van Christus die sondes afwas van elkeen wat glo. Wanneer dieselfde boodskap egter in die doop verkondig word, dan kom dit in 'n baie persoonlike gestalte. Dan sê dit nie net in die algemeen dat Christus die sondes wegneem van elkeen wat glo nie, maar dat Christus deur Sy bloed en Gees die sondes van hierdie besondere persoon wat gedoop word, wil afwas. Daarom word ons *name* by die doop genoem. Dit gaan dan bepaald om óns. Ons word by ons name geroep en hoor dit aan ons verkondig: *Jou* sondes word gewas met die bloed en die Gees van Jesus Christus.

Omdat die doop so 'n persoonlike karakter dra, is dit meer as 'n verkondiging; dit bevat 'n *versekering*. Dit is die wese van 'n sakrament, dat dit 'n teken en 'n seël is. As teken verkondig dit 'n bepaalde waarheid; as seël gee dit ons die versekering dat die waarheid wat dit verkondig, ook van ons geld.

Wanneer 'n mens dus gedoop word, word hy daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, waardeur die afwassing van die sondes deur die bloed en die Gees van Christus verkry is, ook vir hom persoonlik geld.

God belowe hom dit. God sê hom dit toe en bevestig dit aan hom: dit is vir jou. Die Kategismus druk dit baie sterk uit: Christus het hierdie uitwendige waterbad ingestel en daarby belowe dat ek *net so seker* met Sy bloed en Gees *gewas is* van die onreinheid van my siel, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiverheid van die liggaam wegneem.

'n Gedoopte mens mag dus sê: Die bloed van Jesus geld vir my, die Gees van God is aan my gegee, God het my gereinig deur vergiffenis en is besig om my te reinig deur innerlike vernuwing. Ek weet dit, want ek is gedoop!

Die doop gee aan ons die versekering dat alles wat ons gesê het oor die boodskap van die doop, oor die afwassing van die sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus, onverkort en sonder reserwe vir ons wat gedoop is, geld. Ons word by die doopvont as 't ware ingedompel in die see van Gods genade, in die stroom van Sy liefde!

Kan dit ooit wees? Beteken die doop werklik soveel? Ja, sê die Kategismus, en dit geld ten volle, omdat die Woord van God ons dit so leer. Met groot noukeurigheid kies die Kategismus enkele tekste uit om ons dit te laat sien (vraag en antwoord 71). Christus self het immers in die doopbevel geleer dat 'n mens gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat niks minder kan beteken nie as dat daardie mens gestel word in die volle gemeenskap en genade van die drie-enige God wat as Vader, Seun en Heilige Gees afsonderlike genadeweldade oor ons uitstort, soos die doopformulier dit ook duidelik leer. Die drie-enige God gee Homself met al Sy gawes in die doop aan ons, en eis ons terselfdertyd daarin ook weer vir Homself op. Dit is nie maar 'n formaliteit as 'n mens gedoop word nie; dit is 'n gebeurtenis.

Die blote feit dat Christus self in Markus 16: 16 die doop so nou aan die saligmakende geloof verbind, moet ons laat besef dat die doop, volgens die bedoeling van God, vir ons 'n besondere betekenis het as die bevestiging aan ons dat alles wat ons deur die geloof deelagtig word, ook wêrelik deur God aan ons geskenk sal word. En wanneer die Skrif oor die doop spreek as die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes (Titus 3:5 en Handeling 22:16), dan is dit sonder meer duidelik dat die Skrif aan die doop 'n verseëlde betekenis toeken, wat daarop neerkom dat die doop aan ons wil

bevestig dat ons net so seker die wedergeboorte van God ontvang as wat ons in die doopbad ingaan, en dat ons net so seker die afwassing van ons sondes deelagtig word as wat ons met die water uiterlik gewas word. Dit is duidelike taal. Daaraan moet ons onwrikbaar vashou.

Mag ek raai wat in u hart omgaan wanneer u dit alles hoor? U wil sê: Maar is dit dan nie te veel gesê nie? Sal alle mense wat gedoop is, dan ook gered word? Is die blote feit dat 'n mens gedoop is, sonder meer die versekering dat sy sondes afgewas is, of hy nou glo of nie?

Ons sal by die behandeling van die volgende Sondagsafdeling weer op hierdie vrae moet terugkom. By hierdie geleentheid kan ons egter net opmerk dat dit duidelik moet wees dat wat in die Kategismus staan oor die betekenis van die doop, 'n belydenis van die *gelowige* is. Die doop, net soos al Gods beloftes, vra van ons dat ons moet *glo*. Sonder die geloof kan dit natuurlik nie aan ons in vervulling gaan nie. Die geloof is immers die middel waar- deur ons in besit neem wat God ons in Sy beloftes toesê. Vir die *gelowige* geld dit sonder enige voorbehoud dat sy sondes net so seker afgewas is, en die reinigende werking van die Heilige Gees net so seker sy deel is, as wat hy met die doopwater gewas is.

En vir die ongelowige gedoopte? Ook vir hom is dit waar dat God in Sy doop aan hom die persoonlike versekering toereik dat die afwassing van die sondes ook vir hom daar is. Maar in sy geval gebeur die onverklaarbare, dat 'n mens dit in sy ongeloof teen Gods versekering en beloftes in kan uithou en God in die aangesig kan slaan en die bloed van Jesus Christus met sy voete kan vertrap. Vir so 'n mens is die doop die nimmer swygende aanklag dat hy gesondig het teen Gods genade, dat hy God verwerp het met opgehewe hand, téén alles in. Nooit vier die hel 'n groter triomf as wanneer 'n gedoopte mens, bo-oor sy doop heen, dwars teen sy doop in, verlore gaan omdat hy nie wou glo nie. Nooit kan die siel 'n bitterder verwyt smaak as wanneer gesê sal moet word: Ek was gedoop, en tog het ek Christus nie aanvaar nie, tog het ek nie gelewe in die belofte dat God al my sondes afgewas het nie!

U is ook gedoop, broeders en susters. God het die afwassing van die sondes deur die bloed en Gees van Jesus Christus aan u laat verkondig deur u doop, so duidelik dat u dit moét hoor. God gee ook aan u die versekering dat Hy u sondes net so seker onder die

versoening van Jesus Christus wil stel, as wat u met die water gedoop is. Maar glo u dit ook werklik? Leef u ook werklik uit Gods belofte? O, as u glo, mag u weet: Ek is gewas! As u nie glo nie, moet u weet: My doop veroordeel my !

Mag God ons help om onvoorwaardelik te glo! – Amen.

SONDAG 27

Gods Bedoeling met die Doop

Lees: Handeling 2:37–47

Sing: Psalm 100:2, 4; Gesang 65:1, 3; Gesang 55:2

VRAAG 72: Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self?

ANTW: Nee; want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.

VRAAG 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

ANTW: God spreek so nie sonder gewigtige redes niè; naamlik nie alleen om ons daardeur te leer dat net soos die onsuiverheid van die liggaam deur die water, so ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus weggeneem word nie, maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons net so seker van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met die water gewas word.

VRAAG 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

ANTW: Ja; want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in Sy gemeente ingesluit is, en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie, deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf word, soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die besnydenis, waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is.

TEKS: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handeling 2:38–39).

Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self? Waarom stel die Kategismus hierdie vraag? Omdat in die

vorige Sondagsafdeling op 'n baie positiewe wyse oor die betekenis van die doop gespreek is. Immers, daar is dit duidelik gestel dat die doop aan elke gedoopte die versekering gee dat God hom net so seker van al sy sondes wil reinig as wat hy deur die doopwater gewas word. Daar het ons die geloofsjubel verneem van die mens wat sê: Ek is gedoop, daarom weet ek dat God my verseker aangeneem het as Sy kind en my van alle ongeregtigheid gereinig het! En die Kategismus het hierdie siening op die doop nie aan- gebied as die teorie van een of ander mens nie, maar as die leer van die Heilige Skrif, want in die antwoord op vraag 71 staan daar 'n hele aantal tekste wat juis daarop bereken is om die heerlike betekenis van die doop as pand en waarborg van ons reiniging deur die bloed en die Gees van Christus onder ons aandag te bring.

'n Mens dink maar aan die laaste twee tekste wat genoem is. Titus 3:5 lui: "Na Sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwning deur die Heilige Gees", en Handeling 22:16 lees uitdruklik: "En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas". 'n Mens sou hieraan nog 'n hele aantal tekste kon toevoeg, soos met name die teks wat ons so pas aan u genoem het uit Handeling 2:38: "Laat elkeen van julle gedoop word tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Is dit nie uit al hierdie tekste af te lei dat die doop sêlf die sondes afwas en dat die doop self die gawe van die Heilige Gees aan 'n mens skenk nie? Indien die Kategismus sy leer oor die doop met hierdie tekste staaf, bedoel hy dan daarmee werklik om te verkondig dat die doop 'n mens wederbaar en afwas, sodat jy op grond daarvan die versekerde taal kan spreek: So seker as wat ek gedoop is, so seker is ek gereinig van my sondes? En indien die Kategismus dit miskien nie bedoel nie, wat dan nog- tans van die tekste self, waarin tog duidelik gespreek word op sodanige wyse, dat 'n mens nie anders kan sê, as dat die doop self daarin die afwassing van die sondes genoem word nie? (Vgl vr 73).

Die Kategismus gaan nie vir hierdie vrae uit die pad nie. Hy stel hulle, omdat hy hulle met groot beslistheid kan beantwoord. En hy beantwoord hulle deur weer eens, in aansluiting by die vorige

Sondagsafdeling, ons aandag te bepaal by *die bedoeling van God met die doop*. Slegs diegene wat begryp wat Gods bedoeling met die doop is, kan ook begryp waarom die Heilige Gees op so 'n wyse oor die doop kan laat spreek in die Bybel, en waarom, op voetspoor van die Bybel, ook die Kategismus so positief oor die betekenis van die doop kan spreek. Daarom is dit goed dat ons nou eers sal stilstaan by die antwoord op die vrae wat ons besig hou, deur te let op die vraag *waarvoor* die doop bedoel is, en daaruit sal dan vanself ook vir ons die antwoord voortvloei op die vraag *vir wie* die doop bedoel is.

I. WAARVOOR DIE DOOP BEDOEL IS

Die doop is nie bedoel as *middel* wat ons sondes afwas nie. Nee, sê die Kategismus met groot duidelikheid, die Skrif leer ons dit meer as genoeg dat alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees ons van alle sondes kan reinig. Ons hoef daarop nie eers verder in te gaan nie. Wie die Skrif selfs maar oppervlakkig ken, sal al weet dat 1 Johannes 1:7 die duidelike uitspraak bevat, 'n uitspraak wat maar net die boodskap van die hele Skrif saamvat: "En die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sondes". Water kan 'n mens se liggaam reinig, ja, maar van sonde kan niks ons reinig nie, behalwe die bloed en die Gees van Jesus Christus.

Daarom moet dit vanself ook duidelik wees dat die doop self nie ons sondes kan afwas nie. Die Rooms-Katolieke Kerk spreek oor die doop as 'n tweede oorsaak wat die reiniging van ons sondes bewerk. Weliswaar glo hulle net soos ons dat 'n mens se sondes weggeneem word deur die bloed en die Gees van Christus, maar hulle meen dat God aan die sakramente 'n eie werksame krag toevertrou het wat vanself in ons werk as ons die sakramente ontvang. Christus is dus wel die Eerste Oorsaak van die afwassing van ons sondes, maar die doop, sê hulle, is die tweede werkende oorsaak. Wie gedoop word, word vanself afgewas. Die doop bewerk eenvoudig vanself die wedergeboorte in die mens, wis die skuld en die smet van die sonde uit en stel die mens rein voor God. Daarom is die doop vir die Roomse Kerk 'n noodsaaklike voorwaarde vir die mens se verlossing. 'n Mens moet gedoop word om verlos te word. As by nie gedoop word nie, gaan by verlore, behalwe as daar geen moontlikheid vir hom was om

gedoop te word nie, en by dit nogtans begeer het. Maar as by dit nog nie kon begeer nie, soos 'n klein kindjie, dan moet by gedoop wees, anders is by ewig verlore. Vandaar dat die Roomse Kerk soveel wanpraktyke en bygeloof aan die doop verbind – 'n saak waarop ons nou nie verder kan ingaan nie.

Duidelik is dit in elk geval, dat die Kategismus hierdie opvatting geheel en al van die hand wys. Dit is nie die bedoeling van die doop om self ons sondes weg te was nie. Dié taak het Christus nêrens en nooit uit Sy eie hand gegee nie. Hy alleen kan ons reinig. Die bedoeling van die doop is juis om op *Christus* te wys, om aan Sy bloed en Gees te herinner, en *om Sy belofte aan ons te bevestig dat Hy self ons van alle ongeregtighede wil reinig, net so seker as wat ons met die water afgewas word in die doop.*

Die doop bevestig aan ons persoonlik die belofte van Christus. Die Kategismus praat (antw 73) van die doop as 'n Goddelike pand en waarteken wat aan ons gegee word om ons te verseker dat dit vir Christus dodelike erns met ons is, dat Hy ons beslis in Sy bloed van al ons sondes rein wil was, en dat Sy Gees beslis in ons wil woon en werk en ons van alle ongeregtigheid wil reinig. Omdat dit die bedoeling van die doop is, daarom is daar rede genoeg vir die Heilige Gees om van die doop as die bad van die wedergeboorte en die afwassing van ons sondes te praat. Nie omdat die doop self die wedergeboorte bewerk of die sondes afwas nie, maar omdat die doop ons verseker dat Christus dit doen deur Sy bloed en Gees, en dat Hy dit net so seker vir ons doen as wat ons gedoop word. Ons het hier te doen met die sogenaamde “sakramentele spreekwyse”, waarin aan die sakrament toegeskrywe word dat waarna die sakrament verwys en dit waarvan die sakrament ons wil verseker.

Verre daarvan dat die doop self ons sonde sou afwas of ons nou al glo of nie, sodat 'n gedoopte mens ook vanself 'n geredde mens sou wees, is dit inteendeel duidelik dat die doop ons kragtig oproep tot die geloof in die belofte wat in die doop aan ons persoonlik betuig en bevestig word, tot die aanvaarding dat wat die doop aan ons bevestig, wáár is, omdat die bloed van Christus nie tevergeefs uitgestort is en Sy Gees nie verniet na ons neergedaal het nie. O, laat ons tog vasklem aan die vastheid en die sekerheid van ons reiniging deur die bloed van Christus, omdat ons die pand daarvan in ons doop besit.

Ontsettend is dit dat 'n mens so 'n versekering van die kant van Christus deur ongeloof onder sy voete kan vertrap!

Duidelik is dit ook nog – dit moet hier duidelik gesê word – dat die doop ook nie bedoel is om te verseker dat die mens wat gedoop is hierdie of daardie innerlike gesteldheid deelagtig is nie, byvoorbeeld dat alleen mense wat reeds wedergebore is, of van wie ons mag aanneem dat hulle wedergebore is, gedoop mag word nie. Die doop bevestig aan ons nie wat ons innerlike toestand is nie, maar wat Christus belowe het om aan ons te doen. Dit verseël *Gods belofte*. Te maklik meen mense dat alleen diegene van wie dit vasstaan dat hulle reeds glo, gedoop mag word, waardeur die doop dan net vir hulle die bevestiging word van wat hulle reeds deelagtig is. Nee, die doop bevestig iets wat buite ons lê, naamlik die namelose getrouheid en barmhartigheid van

God wat aan ons wat gedoop is, persoonlik in ons doop wil waarborg dat Hy ons vir seker wil reinig. Al wat vir ons nog oorbly, is om dit te ontvang en om daarin te gaan lewe. Hoe wonderlik ryk is Gods genade!

II. VIR WIE DIE DOOP BEDOEL IS

Hieruit is dit vanself ook duidelik waarom die Kategismus so maklik kan oorgaan tot die vraag of die jong kinders dan ook gedoop moet word. Indien dit immers die bedoeling van die doop is om Gods belofte aan ons te bevestig, dan is dit vanself ook duidelik dat almal vir wie die belofte van God bedoel is, gedoop mag word. Dit is dan ook presies die antwoord wat die Kategismus gee op die vraag of kinders gedoop mag word.

Sonder om in enige ingewikkelde redenasie oor die kinderdoop te verval, toon die Kategismus duidelik aan dat daar net een grond en fondament vir die doop van kinders is, en dit is die verbond van God.

Die Roomse Kerk doop kinders omdat hy glo dat die doop die kinders vanself van hul sondes reinig. Dit kan ons nie doen nie, want ons glo dat dit in stryd is met die leer van die Skrif. Groot groepe Christene verwerp die kinderdoop geheel en al, omdat hulle meen dat die doop 'n bevestiging is van 'n mens se innerlike

geestelike toestand, wat dan beteken dat alleen mense wat eers kan glo en dus klaar gered is, gedoop mag word. Maar dit het ons ook van die hand gewys, *want die doop is nie deur Christus ingestel as 'n teken en seël van wat die mens reeds is nie, maar as 'n teken en seël en waarborg van die belofte van God dat Hy ons wil was in die bloed van die Lam en ons wil vernuwe deur die werking van die Heilige Gees.*

Om presies dieselfde rede wys ons elke redenering van die hand wat die kinderdoop probeer regverdig deur te wil redeneer dat ons 'n kindjie doop, omdat ons mag veronderstel dat hy reeds wedergebore is, of wat met tekste gaan goel om te bewys dat kinders reeds kan glo, en daarom gedoop mag word, soos byvoorbeeld met Matteus 18:6: "... hierdie kleintjies wat in My glo" – asof dit gese sou kon word van 'n babatjie!

Nee, die Kategismus ken net een grond vir die kinderdoop, en dit is Gods verbondsbelofte, die feit dat Hy Homself *verbind* het om die kinders van die gelowiges saam met hul ouers in sy genade in te sluit en vir hulle 'n God te wees, met alles wat dit inhou. So het God altyd met die mensdom gewerk, en so sal Hy altyd met ons werk, dat Hy ons as 'n eenheid sien, as onderling verbonde en aan mekaar geheg in die lyn van die geslagte. Wat die ouer doen, geld vir sy nageslag. Daarom staan ons nog in die skuld van Adam. Daarom kan God in die Tien Gebooie sê dat Hy die misdade van die vaders besoek aan die kinders en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat Hom haat, maar dat Hy daarnaas ook barmhartigheid bewys aan duisende geslagte van die wat Hom liefhet. En daarom kon God ook in Sy verbondsluiting met Abraham dit nadruklik noem dat Hy Sy verbond nie net met Abraham oprig nie, maar ook met sy nageslag na hom in hul geslagte tot 'n ewige verbond, om vir hom 'n God te wees en vir sy nageslag na hom (Genesis 17:7).

God verbind Homself dus om in die lyn van die geslagte 'n God te wees vir die kinders van sy kinders. En hoe wil Hy anders 'n God vir 'n mens wees, as dat Hy daardie mens tot Sy kind maak deur hom te reinig van sy sonde en deur Sy Gees in hom te laat werk? Wanneer telkens in die Ou Testament belowe word dat God 'n nuwe verbond gaan oprig, dan is dit duidelik dat die seeninge van die Nuwe Verbond ook weer eens maar net dit sal wees: God sal

vir Sy volk 'n God wees, en hulle sal vir Hom 'n volk wees (vgl Jeremia 31:31–34).

Die Nuwe Verbond is dus nie 'n ander verbond met 'n ander inhoud as die Ou Verbond nie; dit is slegs 'n nuwe fase van dieselfde verbond wat God met Abraham gesluit het. Daarom kan dit ook nie anders dat die kinders van die gelowiges saam met die volwassenes ook in die Nuwe Verbond in die verbond ingesluit is nie. Hebreërs 8:11 noem dit uitdruklik dat klein en groot in die Nuwe Verbond ingesluit is. Paulus leer in 1 Korintiërs 7:14 dat die kindertjies van die gelowiges “heilig” is, wat niks anders kan beteken as dat hulle ingesluit is onder die seëninge wat toegese is aan diegene wat tot Gods verbond behoort nie. Met geen woord leer die Nuwe Testament dat Gods genade in die Nuwe Verbond geringer is as in die Oue, sodat kindertjies nou nie meer ingesluit is in Gods verbond nie.

Inteendeel, oral word die kinders as vanselfsprekend behorende by die gemeente benader (Efesiërs 6:1; 1 Johannes 2:13 en antler plekke). En daarom is dit net begryplik dat Petrus op die Pinksterdag, soos dit in die woorde van die gelese teks uitkom, uitdruklik vermeld dat die belofte aangaande die Heilige Gees, wat in die Ou Testament duidelik onder die seëninge van die Nuwe Verbond genoem word (vgl Esegïël 36:27), vir die gelowiges en hul kinders geld. Merkwaaardig is dit dat hy dit doen direk in aansluiting by sy oproep aan hulle om hulle te laat doop. Die doop verseel immers juis die beloftes waarin ook die kinders deel het: die afwassing van die sondes en die gawe van die Heilige Gees, kragtens die feit dat hulle met die volwassenes ingesluit is in Gods verbond.

Ook aan die kinders van die gelowiges wil God dus sê: So seker as wat jy met die water uitwendig gewas word, so seker wil Ek jou was in die bloed van die Lam, so seker wil Ek jou deur die werking van die Heilige Gees reinig en heilig. In die Ou Verbond het God min of meer dieselfde belofte (vgl Romeine 4:11) aan die kindertjies van die gelowiges laat verseel met die besnydenis.

Dat die doop in die Nuwe Verbond in die plek van die besnydenis gekom het, blyk nie net uit die feit dat die doop en die besnydenis een en dieselfde belofte van God verseël aan diegene, wat dit

ontvang nie, maar in Kolossense 2:11 word die doop ook uitdruklik genoem die besnydenis van Christus of die Christelike besnydenis, sodat dit meer as duidelik is dat Gods Woord self 'n verband tussen doop en besnydenis lê. En as die kindertjies dan besny kon word, sê die Kategismus, waarom kan hulle dan nie in die Nuwe Verbond ook gedoop word nie? As dit immers gaan om die verseëling van Gods belofte aan ons, en nie om 'n verseëling van wat die mens innerlik is nie, dan is dit geen argument dat die kindertjies nog nie kan glo nie, want al kan hulle nog nie glo nie, hulle is buite hul wete reeds ingesluit onder die beloftes van die Nuwe Verbond wat God gegee het vir Sy kinders en hul kinders.

Oral waar Gods belofte geld, daar mag gedoop word, maar dan ook slegs daar. So gaan God in Sy genade voor ons uit. Nog voor ons Hom soek, gee Hy Homself reeds in die doop aan ons en eis ons vir Hom op. "Ek het My laat raadpleeg," sê Hy in Jes. 65:1 aan ons, "deur wie *na* My nie gevra l}et nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoelc het nie ... "Dit is die waarheid van die kinderdoop.

Vreeslik is dit as 'n mens dit alles in ongeloof verwerp en vertrap. Vreeslik is dit as 'n gedoopte kind opgroei en hy wil nie glo nie. Vreeslik is dit as 'n gedoopte mens verlore gaan. Al Gods beloftes was aan hom verseël, maar hy het daaroorheen gestap asof dit alles niks is nie, asof God nie bestaan nie.

En vreeslik is dit as 'n ouer daaraan aandadig is, deurdat hy sy kind nie geleer het wat dit beteken dat hy gedoop is nie: of as hy sy kind voorgestaan het op die weg na die verderf.

Mag God ons genadig wees waar ons so volop omgaan met die heerlike blyke en pande van Sy genade, dat ons ook die diepe erns daarvan mag besef en ons onvoorwaardelik tot Hom mag bekeer. – Amen.

SONDAG 28

Die Heilige Nagmaal

Lees: I Korintiërs 10:14–22

Sing: Psalm 23:1, 3; Gesang 97; Gesang 104:1, 3, 4.

VRAAG 75: Hoe word jy in die Heilige: Nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed?

ANTW: So, dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot Sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink, en daarby ook beloop het: eerstens, dat Sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en Sy bloed vir my vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede, dat Hy self my siel met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die drinkbeker van die Here – as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus – uit die hand van die dienaar ontvang en met die mond geniet.

VRAAG 76: Wat beteken: die gekruisigde liggaam van Christus e:et en Sy vergote, bloed drink?

ANTW: Dit is nie alleen om met 'n gelowige hart die ganse lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes, en die ewige lewe te verkry nie, maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat tegelyk in Christus en in ons woon, s6 met Sy heilige liggaam hoe, langer hoe meer verenig te word dat, al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy been is, en dat ons deur een Gees – soos die lede van een lig- gaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word.

VRAAG 77: Waar het Christus beloop dat Hy die gelowiges so seker met Sy liggaam en bloed wil voed en laaf as wat hulle van hierdie, gebreekte brood eet en van hierdie drinkbeker drink?

ANTW: In die instelling van die Nagmaal wat aldus lui: *In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gese: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis. Net so ook die beker na die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom* (1 Korintiërs 11:23–26). Hierdie toesegging word ook herhaal deur die heilige Paulus waar hy spreek: *Die beker van danksegging wat ons met dank- segging seen, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood* (1 Korintiërs 10:16, 17).

TEKS: “Die beker van danksegging ... is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?” (1 Korintiërs 10:16).

Het u dit ook al ondervind met hoeveel wyding die atmosfeer in die kerkgebou gelaai is as die wit Nagmaalstafel daar voor in die gebou gereed staan en die geur van die wyn die ruim van die kerkgebou vul? ’n Mens se hart word dan meteens vol van die herinneringe van die ryke seëninge wat telkens weer in die verlede aan die tafel van die Here gesmaak is, en jou siel hunker na die gemeenskap met die Here soos dit al so dikwels deur jou by die Awendmaalstafel ondervind is.

Geen wonder dat die gelowige telkens weer met verwagting die Awendmaal tegemoetgaan nie. Is die Awendmaal dan nie die plek en die geleentheid waar die Here ons op ’n besondere wyse wil ontmoet nie? Inderdaad! Die Nagmaal is wel nie meer as die verkondigde Woord nie, en dit bring ook nie ander of ryker seëninge as die verkondigde Woord vir ons mee nie, maar dit het ’n eie manier om die verkondigde Woord aan ons te bevestig en te verseël op so ’n persoonlike, tasbare en konkrete wyse, dat dit in die hand van die Here ’n heerlike middel is om ons op ’n besondere wyse te seën.

As u nie hierdie ondervinding in verband met die Nagmaal het nie, het u dit miskien nog nooit reg en goed meegemaak nie. Miskien het u nog nooit ten volle in die Nagmaal gesoek wat u daarin behoort te vind nie. Daarom is dit goed dat ons ons weer eens uit die Kategismus sal laat onderrig oor *die heerlike beloftes wat Christus aan die viering van die Nagmaal verbind het*. En dan is dit duidelik dat die Kategismus ons aandag veral vra vir twee beloftes van Christus wat deur die Nagmaal aan ons verseël word:

- (a) die feit dat ons deel het aan die versoening in Christus, en
- (b) die feit dat Christus ons steeds inniger met Hom verenig.

I. DIE NAGMAALVERSEKER ONS DAT ONS DEEL HET AAN DIE VERSOENING IN CHRISTUS

Wat kan daar wees waaraan ons hart meer behoefte kan he as aan die vaste wete: my sonde is versoen, my skuld is betaal, ek het vrede met God? As ons telkens vanuit die gejaagde lewe tot onself inkeer en tot stilte kom, kla ons gewete ons aan en beskuldig die wet van die Here ons dat ons nie werd is om kinders van God te wees nie, omdat ons op alle punte weer Gods gebooië verontagsaam het. Daaglik het ons opnuut weer die behoefte daaraan om van die kant van die Here die versekering te kry: My kind, ondanks al jou sondes, is jy nogtans My kind, behoort jy nogtans aan My, want jou sondes wat baie is, is jou vergewe!

Christus ken ons so goed. Daarom het Hy aan ons die Nagmaal gegee. Sy bedoeling daarmee was dat dit ons telkens opnuut weer moet herinner aan die verbreking van Sy liggaam en die vergieting van Sy bloed tot 'n volkome versoening oor al ons sonde. Die brood en die wyn verteenwoordig Sy liggaam en Sy bloed by ons. Die Kategismus noem die brood en die drinkbeker van die Here "gewisse waartekens van die liggaam en die bloed van Christus", om daarmee aan te dui dat die brood en die wyn nie slegs die liggaam en bloed van Christus *afbeeld* nie, maar ook werklik *waarborg*, net soos 'n bankbiljet die goue rand by die Reserwebank waarborg.

Telkens wanneer dus voor ons oë die brood gebreek en die wyn gegiet word, waarborg dit aan ons die wesenlikheid van die ge-

breekte liggaam en vergote bloed van Christus, die wesenlikheid daarvan dat Hy Homself werklik laat verbreek het om ons ontwil. Presies net so seker as wat die brood daar gebreek word, presies net so seker het Christus onder die toorn van God gebreek. Die ganse las van die toorn van God was op Hom. Waarom? Om ons ontwil. Al ons sonde, hoe groot en hoe ontsettend ook, en al die sonde van die mensdom, was daar op Hom. Sien u hoe die brood gebreek en die wyn gegiet word? Wel, net so is Christus se lewe gebreek en Sy bloed vergiet vanwee ons sonde. Maar daarmee is dan ook eens en vir altyd die prys vir die sonde betaal. Ons sonde is deur die gebreekte liggaam en vergote bloed van Jesus ten volle versoen. Alles is bedek voor Gods aangesig. As Hy na ons en ons sondes kyk, dan sien Hy Jesus, Sy gebreekte liggaam, Sy vergote bloed.

En wanneer nou in die Nagmaal aan u die brood en die wyn uitgereik word, dan verkondig hierdie tekens stilswygend aan u: Ons is die waarborg daarvan dat ook jou sondes daar op Christus was, dat Sy liggaam ook vir jou gebreek en Sy bloed ook vir jou uitgestort is. Ons waarborg dat Hy vir jou alles verkry het by God. Elke afsonderlike sonde wat daar tussen jou en God mag wees, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom! Luister tog, broeder en suster, wat die brood en die wyn aan u wil sê. So seker as, wat u die brood eet, so seker as wat u die wyn drink, so seker is u sondes vergewe. Gaan heen in vrede. Jou sondes wat baie was, is jou vergewe!

Wie hierdie taal van die Nagmaal reg verstaan, kan nie anders as om in diepe bewoënheid en dankbaarheid voor God neer te sink nie. As dit met u goed gaan aan die Nagmaalstafel, as u met die regte voorbereiding daar kom aansit en gelowig die tekens van brood en wyn ontvang, moet dit vir u beteken dat u die ganse lyding en sterwe van Christus aanneem en dus ook vir u die vergiffenis van al u sondes en die ewige lewe toeien (antw 76). Die Nagmaalstafel is nie die plek waar ons onself nog oor ons sonde moet bekommer nie. Dit hoort tuis by die voorbereiding. Wanneer ons egter aan die dis van die Here aansit, moet ons al ons gedagtes vestig op die volkome versoening van Christus alleen. Daarop moet ons rus. 'n Ware Nagmaalseën sal dan ook altyd meebring dat ons vervul word met 'n diepe rus. "My siel, keer terug tot jou rus; want die Here het goed aan jou gedoen" (Psalm

116:7).

As dit nie ons taal by die Nagmaalstafel is nie, moet ons weet dat ons nie daar ontvang het wat ons daar behoort te ontvang het nie. Miskien lê dit daaraan, dat u nie werklik van u sondes ontslae wil wees nie. Miskien skort dit aan u geloof. Miskien vestig u nie genoeg u hart daarop dat Christus die brood en wyn as waarborge van Sy eie vlees en bloed aan ons gegee het met die woorde: “Dit is My liggaam,” en: “Dit is My bloed” nie. U vertrou miskien nie genoeg daarop dat die brood en wyn wat aan u gegee word, die bewyse vir u is dat alles wat die liggaam en bloed van Christus beteken, en alles wat deur die verbreking van die liggaam en die vergieting van die bloed by God verkry is, nou ten volle ook aan u behoort, soos die brood en die wyn aan u behoort en deel van u word nie.

Wie dit nie glo, nie, vertrap Gods liefde – weier om Sy versekering te aanvaar. Mag God verhoed dat u dit doen!

I. DIE NAGMAAL VERSEKER ONS VAN DIE FEIT DAT CHRISTUS ONS STEEDS INNIGER MET HOM VERENIG

Die Kategismus weet egter ook van ’n tweede belofte wat deur Christus aan die instelling van Nagmaal verbind is. In antwoord 75 heet dit: “Ten tweede, dat Hy self my siel met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf, as wat ek die drinkbeker van die Here ... uit die hand van die dienaar ontvang en met die mond geniet”. Ons word dus nie net in die Nagmaal verseker van die vergiffenis van ons sondes en die ewige lewe nie, ons word in die Nagmaal ook verseker daarvan dat Christus ons sekerlik voed met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed.

Wat hou dit presies in? Om dit te verstaan, moet ons let op wat in antwoord 76 verduidelik word in verband met die vraag wat dit beteken om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en Sy vergote bloed te drink. Daar toon die Kategismus aan dat die eet en drink van die liggaam en bloed van Christus beteken om:

(a) te glo in Christus en om

(b) deur die Heilige Gees met Christus verenig te word, Christus dus

steeds meer deelagtig te word.

Ons kan dit saamvat onder die een begrip: die eet en drink van Christus se liggaam en bloed beteken om deur die geloof steeds inniger met Christus verenig te word, sodat ons nie slegs deur die geloof Sy weldade van vergiffenis en die ewige lewe aanneem nie, maar ook só een met Hom word, dat Hy in ons lewe en oor ons regeer.

Wanneer die Kategismus, nou sê dat dit 'n belofte van Christus is wat aan die Awendmaal verbonde is, dat Hy self ons so seker met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed wil voed, as wat ons die brood en wyn ontvang en geniet, dan is dit duidelik dat ons daarin 'n wonderlike bron van troos vind. Immers, dit beteken niks minder nie, as dat ons in die Nagmaal van Christus telkens die versekering deelagtig word dat *Hy self* sorg dra vir ons vereniging met Hom, dat Hy self waarborg dat dit hoe langer hoe meer tot stand sal kom, dat ons gaandeweg steeds inniger aan Hom verbonde sal wees.

Hy neem as 't ware ons bekommernis oor ons geestelike groei uit ons hande en se: "My kind, Ek voed jou. Ek voed jou met Myself. Soos Ek die brood en wyn aan jou laat uitreik deur die dienaar, so gee Ek Myself aan jon, telkens weer opnuut. En dit kan nie anders nie, of daardeur word jy steeds meer deel van My, been van My been en vlees van My vlees. Dieselfde lewe wat Ek aan die regterhand van die Vader lewe, dit wil Ek in jou lewe. Ek voed jou siel met Myself. Jy is Myne en Ek is joune."

Het u geweet dat die Nagmaal so heerlik is? Ons moet veral vir een ding goed oppas, en dit is dat ons nie die betekenis van die Nagmaal uithol en afplat tot 'n blote herinneringsmaal, waarby ons maar net terugdink aan wat Christus eenmaal vir ons ge- doen het nie. Baie mense is so bang vir die Rooms-Katolieke dwalinge in verband met die Nagmaal, dat hulle te kort doen aan die werklike betekenis van die Nagmaal en dit niks meer laat wees as net 'n simboliese handeling om aan te dui wat Christus eenmaal gedoen het nie. Nee, ons moet daaraan vashou dat Christus self lewend en persoonlik by ons in die Awendmaal teenwoordig is, en dat Hy ons daar werklik voed met Sy liggaam en bloed.

Natuurlik is Hy deur Sy Gees by ons teenwoordig, en natuurlik voed

Hy ons geestelik en nie met Sy vleeslike liggaam nie. Maar daarom is dit nie minder werklik dat Hy by ons is en dat Hy ons werklik voed met Sy liggaam en bloed nie. Hy het nie slegs eenmaal op Golgota vir ons iets gedoen nie; Hy doen dit nou nog, hier en nou, waar Hy met ons aan Sy dis aansit. Hier gee Hy Homself net so werklik aan ons as die brood en die beker aan ons gegee word. Hier het ons gemeenskap met Sy liggaam en bloed (vergelyk die woorde van ons teks hierbo, 1 Korintiërs 10:16).

Niks ter wereld kan meer werklik wees as die feit dat Christus ons siele voed met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed nie, dit wil se: Niks ter wereld kan meer werklik wees as die feit dat Hy Homself aan ons gee met alles wat Hy vir ons deur Sy offer verkry het, met alles wat Sy opstanding inhou, en met alles wat Hy deur Sy hemelvaart geword het nie. En deurdadig dat Hy Homself aan ons gee, verenig Hy Homself hoe langer hoe meer met ons. Sy Heilige Gees sorg daarvoor dat ons hoe langer hoe meer een word met Christus, sodat ons nie meer lewe nie, maar Christus lewe in ons (Galasiërs 2:20). Dieselfde Heilige Gees wat in Christus as die Hoof woon, woon en werk ook in ons en regeer ons lewe steeds meer en meer, waardeur ons al inniger aan die verre Here Jesus self verbonde word.

Wanneer daar in antwoord 76 spesiaal sprake daarvan is dat ons met die “heilige liggaam” van Christus verenig word, dan beteken dit niks anders nie, as *met Christus self*. Ons word Sy lede deur die inplanting in Hom deur ’n lewende geloof, en ons word as Sy lede Hom steeds meer gelykvormig deur die lewende verbintenis met Homself. En terwyl ons met Hom verbind word deur dieselfde Heilige Gees, word ons ook verbind aan almal wat só in

Hom ingeplant is, tot die een lewende liggaam van Christus naamlik die kerk.

Werklik, so ryk is die Awendmaal. Die Kategismus kan hom in hierdie uiteensetting oor die Nagmaal met reg beroep op die insettingwoorde van Christus waarin Hy self beklemtoon het dat die brood en wyn die pande is van Sy versoeningsdood “vir julle”. Die beker is die nuwe testament in Sy bloed, dit wil sê dat die drinkbeker aan die Nagmaalganger die versekering gee dat daar deur die bloedstorting van Christus ’n nuwe verbond gestel is tussen God en ons – ’n

verbond waarin ons ook ingesluit is en waarvan ons al die weldade mag geniet. En net so gepas is die beroep van die Kategismus op die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 10:16–17 waarin uitdruklik geleer word dat ons in die Nagmaal gemeenskap het met Christus self, en dus ook verenig word met Sy liggaam.

Hierdie twee beloftes vul die Awendmaal met 'n nuwe inhoud: die belofte dat ons onder die versoening toegedek is, en die belofte dat ons deur die vereniging met Christus innerlik vernuwe word. Net soos die doop aan ons die afwassing van ons sondes verseël deur die bloed en die Gees van Christus, en so die regverdigmaking en die heiligmaking aandui en belowe, so ook die Awendmaal. God doen geen halwe werk nie. Die wat Hy red, vernuwe Hy ook. Die wat Hy vergewe, regeer Hy hoe langer hoe meer deur Sy Heilige Gees.

Wanneer u weer aan die Nagmaalstafel aansit, onthou dan dat Christus Homself daarin volkome aan u wil gee. Onthou dat Hy werklik en lewend teenwoordig is en self in die tekens van brood en wyn tot u kom. Maar onthou ook dat dit alles alleen 'n werklikheid kan wees vir diegene wat dit met 'n gelowige hart aanneem, en van hul kant begeer om die gekruisigde liggaam van Christus en Sy vergote bloed te geniet. Tree daarom gelowig nader en verwag alles van die lewende Reiland self. En waarlik, u siel sal gespysig en gelaaf word. U sal in diepe dankbaarheid u Heiland ontmoet in stille en heerlike gemeenskap. En u sal sê: “My beminde is myne, en ek is syne!” (Hooglied 2:16). – Amen.